

WEEKLIKSE PITKOS

DATUM: 27 AUGUSTUS 2021





WEER

- VSA weeklikse reënval weervoorspelling



INTERNASIONALE LANDBOU

- VSA oestoestande
- Paranarivier regeringsintervensie
- VSA 'Pro Farmer' gewastoer
- CBOT



SUID-AFRIKAANSE NUUS

- SA Landbou-uitvoer 2021



WISSELKOERS

- Oorsig – USD/ZAR






INTERNASIONALE WEER

VSA WEEKLIKSE REËNVAL & VOORSPELLING

Reënval die afgelope sewe dae was goed, met areas wat tot 75mm reën ontvang het in Iowa, Minnesota en Noord-Dakota.

Reën word oor die noordelike mieliegordel (Midwest) verwag, met tot 100 mm in sommige gebiede van Iowa en Minnesota.

Gemiddelde temperature word voorspel na die relatief warm weer die afgelope paar dae in die suidoostelike mieliegordel.



LANDBOU


VSA

Mieliestoestande

Mielies se kondisie is 60% goed/uitstekend gegradeer, teenoor 62% verlede week en is 4% minder as verlede jaar.



Corn Crop Condition



LANDBOU


VSA

Sojaboontoestande

Sojaboon kondisie is 56% goed/uitstekend gegradeer, teenoor 57% verlede week en is 13% minder as verlede jaar



Soybean Crop Condition





INTERNASIONALE NUUS

Paranarivier Regeringsintervensie

Die Argentynse regering het Woensdag 25 Augustus 2021 aangekondig dat hulle 'n nuwe regeringsagentskap gestig het om die Paranarivier baggerbedrywighede vir skeepvaart te bestuur.

Die Paranarivier dra jaarliks ongeveer 80% van die land se graanuitvoer vanaf die Pampas-mieliegordel see toe. Die afgelope jaar het droogte die watervlake van die Paranarivier verlaag en sodoende die vervoer van graan deur hierdie roete vermoeilik.



Bedryfshoofde is bekommerd dat ingryping deur die regering in die waterweg ekstra kostes vir die graanuitvoersektor kan inhou. Die vragskip tolprys betaalbaar aan die baggermaatskappy sal in 'n bodproses bepaal word. Vragskepe het tot dusver tolgeld direk aan die privaat baggermaatskappy betaal wat die rivier oophou.

Die bagger van die Paranarivier gee Argentinië 'n voorsprong bo mededingende uitvoerders soos Brasilië en die Verenigde State, wat op minder doeltreffende vervoermetodes staatmaak.

Die rivier by Rosario word gewoonlik tot op 'n diepte van 10 meter aangepas, en bedryfsleiers wil hê dat die volgende langtermynkontrak voorsiening maak vir 'n dieper, breër skeepvaartkanaal.

Die droogte die afgelope jaar is so erg dat 'n terugkeer na gemiddelde reënval nie die vloei van die rivierstroom sal verbeter nie. Die La Niña -weerstelsels kan gemiddelde seisoenale reënval belemmer, wat'n drastiese impak sal hê op die skeepslogistiek, hidro-elektriese kragopwekking en die verskaffing van drinkwater in dele van Argentinië.

[Lees meer](#)



INTERNASIONALE LANDBOU

"Pro Farmer" Gewastoer 2021

Na die Pro Farmer gewastoer deur sewe topproduserende state, het Pro Farmer voorspel dat boere 'n mielieoes van 15,116 miljard skepels, gebaseer op 'n gemiddelde opbrengs van 177 skepels per hektaar en 'n sojaboonoes van 4,436 miljard skepels, gebaseer op 'n gemiddelde opbrengs van 51,2 skepels per hektaar kan oes.

Pro Farmer se verwagtinge vir die oes van 2021 is hoër as die mees onlangse skatting van die USDA.

Pro Farmer gebruik die oestoer vir sy ramings. Die toeropname het nie Noord-Dakota of dele van Suid -Dakota ingesluit nie. Volgens klimatoloë beleef Suid-Dakota die ergste droogte sedert 2013, terwyl Noord-Dakota se droogte die ergste sedert 1988 is

In 2020 het Pro Farmer 'n mielie-oes van 14,820 miljard skepels en 'n sojaboonoes van 4,362 miljard skepels voorspel. [Lees meer](#)

Pro Farmer U.S. Soy Yield vs. USDA
(bushels per acre)

@kannbwx	USDA/NASS Aug 12, 2021	Pro Farmer Aug 20, 2021	2020 Final
Illinois	64	66	59
Indiana	60	62	58
Iowa	58	57	53
Minnesota	43	46	49
Nebraska	60	58	57
Ohio	58	60	54
South Dakota	39	41	45.5
NATIONAL	50	51.2	50.2

Data sources: Farm Journal/Pro Farmer; USDA/NASS

Pro Farmer U.S. Corn Yield vs. USDA
(bushels per acre)

@kannbwx	USDA/NASS Aug 12, 2021	Pro Farmer Aug 20, 2021	2020 Final
Illinois	214	212	192
Indiana	194	200	187
Iowa	193	198	178
Minnesota	166	170	192
Nebraska	186	190	181
Ohio	193	190	171
South Dakota	133	140	162
NATIONAL	174.6	177	172

Data sources: Farm Journal/Pro Farmer; USDA/NASS



SUID-AFRIKAANSE NUUS

Suid-Afrika Landbou-Uitvoer

Volgens Wandile Sihlobo, hoofekonoom van Agbiz, het Suid-Afrika se landbou-uitvoer vir die eerste helfte van 2021, R90,49 miljard beloop, 'n jaar-tot-jaar-styging van 30%. Die eerste kwartaal het 'n toename van 28% gehad, en die uitvoer in die tweede kwartaal het jaar-tot-jaar met 36% toegeneem.


Die goeie produksieseisoen vir 2020/2021 kan heel moontlik tot gevolg hê dat uitvoerwaardes die 2020-vlak van R151,31 miljard oorskry.

Volgens Sihlobo dui tekens op nog 'n gunstige plantseisoen.

"Die grondvog lyk steeds positief en as ons kyk na voorspellings van die Suid-Afrikaanse weerdiens, lyk dit asof ons weer 'n goeie reënseisoen kan beleef," het Sihlobo gesê. Meteoroloë voorspel 'n ligte La Niña -weerstelsel, wat beteken dat die land 'n effens bogemiddelde reënvalseisoen gaan beleef.

Die beskikbaarheid en koste van insette, veral kunsmis, is kommerwekkend, veral ná die onlangse burgerlike onrus in KwaZulu-Natal en Gauteng. Boere wat op finansiering staatmaak om hulle aankope te doen, kan moontlik eers later in die seisoen hul kunsmis ontvang.

[Lees meer](#)





CBOT-MIELIES

CBOT-MIELIES DESEMBER



- Mielies verhandel tans in 'n kort opwaartse tendens na mieliegraderings Maandag verlaag is.
- Mielies verhandel steeds onder die 25- en 50-dag bewegende gemiddeldes.
- Oorhoofse weerstand is tans \$5,94 met ondersteuning op \$5,29.

Chart and Technical Analysis






CBOT-SOJABONE

CBOT-SOJABONE NOVEMBER

- Sojabone verhandel tans sywaarts, met onlangse uitvoer wat prys ondersteun en die weer in die Middeweste wat die druk plaas op die mark.
- Sojabone verhandel naby 25- en 50-dag bewegende gemiddeldes.
- Oorhoofse weerstand is tans \$14,18 met ondersteuning by \$13,08.

Chart and Technical Analysis





WISSELKOERS

USD/ ZAR



Die USD/ZAR verhandel hierdie week laer nadat data deur die Suid-Afrikaanse statistiekagentskap aan die lig gebring het dat die werkloosheidsyfer in die tweede kwartaal van 2021 met 2% tot 34,4% gestyg het. Volgens Bloomberg se data het Suid-Afrika die hoogste werkloosheidsyfer ter wêreld. Terselfdertyd het die algehele werkloosheidsyfer, insluitend mense wat nie werk soek nie, tot 44% gestyg. Die werkloosheidsyfer vir Suid-Afrika sal waarskynlik aanhou toeneem namate die impak van die inperking op die ekonomie gevoel word.

Ten spyte hiervan is dui aangepaste Bruto Binnelandse Produk (BBP) aan dat die Suid-Afrikaanse ekonomie 11% groter is wat tevore geskat is.





SAFEGUARDING FOOD PROSPERITY

Rand Agri, a bulk grain and supply chain trader, safeguards food prosperity in Southern Africa by connecting farmers and processors. Our services reach across the grain supply chain. It includes:



Trading grain crops such as soybean, wheat, sunflower, GMO/non-GMO white and yellow maize, sorghum and sugarbeans.



Logistics including sourcing, storage, export and delivery of grains and agricultural lime directly to customers.



Milling, processing and selling of white and yellow maize meal, yellow maize grits, starch and super fine maize meal.




Process and supply animal feed by-products such as hominy chop, wheat bran, molasses, as well as soybean, cotton and sunflower oilcakes.



Price and risk management by our experienced traders.

Rand Agri - the vital connection between farm and plate



Contact us today for your trading and supply chain needs.

+ 27 (013) 243 1166 | Info@randagri.co.za | www.randagri.co.za